
# POLISIE EN SWERWER-SPEUR-DER

No. 31.
Die Dood Kruip Nader



GERRIE RADLOFF


'Retief!' roep hy streng uit. ,Retief! Ruk jou reg. Wat skeel man?'

Dit is asof die jongman hom nou eers raaksien. Hy steek sy een hand half pleitend na Obed toe asof hy om beskerming wil smeek. Toe gil hy weer. Hy hou albei sy hande voor sy gesig. Die gil slaan oor na 'n kreun en hy begin jammerlik te kerm.

Die punte van sy vingers is bebloed. Dit lyk asof die naels halfpad uitgeskeur is. Obed stap vinnig nader. 'n Nare bedruktheid beklem sy gemoed en in sy geestesoog kan hy Maans Retief teen 'n half verrotte deur sien staan. Hy skreeu en stamp daarteen. Hy krap in die hout en die splinters sny sy vingers uitmekaar.

Ja Obed het dit self deurgemaak! Selfs hy was byna van sy sinne berowe, en vir Retief moes dit so te sè van sy verstand af gedrywe het.

Stofomslag: Chris du Plooy



INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Stem uit die Dode | 3 |
| 2. | Blik in die Toekoms | 14 |
| 3. | Die Eerste Leidraad | 30 |
| 4. | Die Ontruiming Begin | 41 |
| 5. | Vloek van die Verlede | 50 |
| 6. | 'n Meer van Gas | 59 |
| 7. | Die Onsigbare Versperring | 68 |
| 8. | Die Sterwende Vallei | 78 |


Hoofstuk 1

## STEM UIT DIE DODE

,,As jy nie jou kos eet nie, Jannie, sal die groot man met die lang baard jou kom vang, in die sak op sy rug stop, en wegdra.''

Klein Jannie se oë rek wyd. Hy kyk na die ou bediende wat langs hom by die kombuistafel sit, dan kyk hy terug na sy kos en die lepel wat half huiwerig, half dreigend voor sy mond gehou word.

,,Maar waarheen sal hy my dra?'' vra hy uiteindelik asof hy dít darem eers wil vasstel voordat hy die mindere euwel van die kos aanvaar.

,,Daar bo in die berg is 'n diep grot waarin hy al die stout kindertjies opsluit.''

,,Ai Griet,'' kom mev. Botha se stem van die deur af. ,,Dit is nie 'n goeie ding dat jy Jannie bang maak nie. Jy behoort die kind nie te dreig om hom te laat eet nie.''

Ai Griet, wat jare lank by die Bothas werk, wat mevrou Botha grootgemaak het en nou haar kind, snork verontwaardig. Sy kyk om na haar nonna.

,,En hoekom is Nonna vandag gesond en vet en gelukkig?'' sê sy uit die hoogte. ,,Sou Nonna só gelyk het as ek Nonna nie dieselfde stories vertel het toe Nonna nie wou eet nie?''

Mev. Botha glimlag goedig. Ai Griet is amper een van die gesin. Háár kinders is groot en sterk en die meeste van hulle werk in die dorp. Jannie is maar mev. Botha se eersteling.

Sy stap terug na die sitkamer en dan kyk sy weer by die voordeur uit. Haar man kom nog nie aan nie.

Sy ril meteens. Soms is dit vir haar so verlate hier. So ver van alles af.

Hier gebeur nooit ongelukke nie. Dit is soms so rustig dat die eensaamheid op haar senuwees werk. Al teken van lewe is nou die ligte in die straat en 'n gebabbel van stemme by die hotel.

Sy kyk na die ander kant toe. In die aandskemering sien sy die kruine van die berge en heuwels wat die vallei omring. 'n Snaakse gevoel van onheil daal op haar neer, maar sy sien nie die donker sluipende gestalte hier digby die hoek van haar huis tussen die paar vrugtebome nie.

Wesselsdal lê in 'n kom. Jaarliks kom talle studente van die universiteite, argeoloë en ander wetenskaplikes om die eienaardige frats van die skepping te bestudeer. Party meen dat hier vroeër 'n groot binnelandse

meer was. Ander skryf dit toe aan pre-historiese vulkaniese werking.

Gelukkig is die reënval maar skraal, want nêrens is daar 'n uitloop in die berge en heuwels wat Wesselsdal omring nie, anders sou 'n tonnel of kanaal jare gelede reeds gegrawe moes gewees het.

Dit is net uit 'n vliegtuig dat 'n mens die indruk van 'n krater kry. Die vorm daarvan is ovaal en in die lengte strek dit veertig kilometer. Die breedte is ongeveer twintig kilometer. Deur die jare, volgens sommige van die argeoloë, het die kraterrand verweer totdat dit nou na gewone berge en heuwels lyk. Die kom self het die voorkoms van 'n groen vallei, met deinings en lae heuwels, met klowe en droë lope, asof riviere daarlangs gevloei het. Alles is oortrek met die weelderigste en natuurlikste plantegroei, want hier in die vallei is die dorp en die plase beskut teen die ergste wind en die onstuimigste weer.

Dit is 'n rustige gemeenskap wat in Wesselsdal woon. Hulle is feitlik afgesluit van die buitewêreld en afgesien van die besoeke van die wetenskaplikes, die studente en af en toe verteenwoordigers van maatskappye wat produkte aan die twintigtal boere en die tien, twaalf gesinne in die dorp wil verkoop, is die besoeke van buite maar van persoonlike aard.

Die grootpad van Burgersfort, sewentig kilometer daarvandaan, kronkel van die suidekant af oor die heuwels, die kom binne, en eindig op die dorp, want aan die noordekant, agter die lae bergreeks, vloei die Olifantsrivier.

Wesselsdal het sy poskantoortjie, smidswinkel, 'n klein motorhawe, 'n skool met een onderwyser, die enkelverdieping-hotel, 'n paar winkels en die polisiestasie. 'n Paar afgetrede boere bly ook op die dorp. Een keer elke veertien dae word daar in die saal wat as skoolsaal, stadsaal en kerksaal dien, kerk gehou. Wesselsdal se bestaan is maar net te danke aan die boeregemeenskap in die omtrek wat hy dien.

Die trots van die dorp is die klein kragstasie wat hulle van elektrisiteit voorsien. Hulle moet nou wel maar spaarsaam met die krag werk, maar dit wek 'n gevoel dat hulle, as gevolg daarvan, darem deel van die moderne beskawing is. Freddie Kleynhans, wat die eienaar, bestuurder, en motorwerktuigkundige van die motorhawe is, is ook die dorp se elektrisiën. Andries Gerike, die rykste boer in die kom, wat sewe jaar gelede die stamplaas van Jakob Wessels, na wie die vallei heet, gekoop het, het Freddie spesiaal oorgehaal om die motorhawe te koop toe die kragstasie geïnstalleer is. Die boere het almal bygedra om hierdie verbetering aan te bring.





Mev. Botha stap die huis binne. Haar man, Johan, is een van die winkeleienaars en dit is moontlik dat hy laat werk. Of miskien kan hy by die hotel wees, want dit is maar die bymekaarkomplek van die klein gemeenskap wanneer hulle saans gesels of so 'n bietjie dans of kaartspeel, of iets doen om die verveeldheid af te skud.

Ai Griet stap met 'n bondel wasgoed in die gang af. Mev. Botha keer haar voor.

,,Het Jannie darem toe sy kos geëet?''

,,Hy het alles opgeëet, Nonna,'' verseker die bediende haar.

,,Waar is hy nou?''

,,Hy is in die agterplaas rond. Miskien is hy al weer op pad na Basie Verwey. Ek het tog nie tyd om oral agter hom aan rond te hardloop nie.''

,,Dit is netnou donker, hy kan nie te laat uitbly nie,'' sê mev. Botha. ,,Mev. Verwey sal dalk nie daarvan hou as Jannie so laat nog daar kuier nie.''

Dit hinder haar nie veel dat Jannie buite is nie. In Wesselsdal gebeur daar niks. Die paar motors wat af en toe deur die hoofstraat ry, maak net stof, maar vorm geen werklike gevaar vir die kinders nie. Verdwaal kan hulle nie eintlik nie, want almal ken almal in Wesselsdal.

'n Kwartier later daag Johan op. Hy soen sy vrou, Mavis, en verneem dan na Jannie.

,,Ek dink hy is oorkant by die Verweys,'' antwoord sy effens ontevrede. ,,Was julle klomp weer bymekaar vanaand?''

,,Natuurlik nie,'' antwoord hy. ,,Ek het maar net daar verbygestap. Ek en Klaas het so 'n rukkie gesels.''

,,Jy en Klaas Jansen!''

Hy soen haar weer. Sy glimlag.

,,Ek stap in elk geval gou oor na Nico toe. Ek sal sommer kyk of Jan nie daar is.''

,,Moet tog nou nie weer ure gesels nie, Johan, die kos word droog.''

Die dorpie is op 'n bult, amper in die middel van die kom geleë. Weerskante daarvan loop die helling geleidelik af, maar die totale val na die laagtepunt is nie meer as sowat ses meter nie. Die meeste van die huise en die paar besigheidsgeboutjies is aan die hoofstraat geleë, maar daaragter is nog weerskante 'n straat waar 'n paar van die woonhuise staan. Om elke huis is 'n groot tuin en al wat hulle skei is heinings of draad.

Johan Botha stap by die agterdeur uit en oor sy werf tussen die vrugtebome deur totdat hy 'n gat in die heining van Nico Verwey, die

onderwyser en Johan se buurman, bereik. Nico-hulle eet reeds en klein Basie is by hulle.

,,Ek het gemeen Jannie is hier by Basie,'' sê Johan nadat hulle gegroet het.

,,Hy is nie, Omie,'' antwoord Basie en Nico bevestig dat hulle Jannie nie daar gesien het nie.

,,Dis snaaks,'' merk Johan op. ,,Ek wou sommer kom gesels het oor die blad van die tennisbaan. Een van Andries Gerike se manne deel my vanmiddag mee dat daar 'n klomp miershope digby is.''

,,Hoekom kan Andries dan nie sommer dat hulle dit stukkend kap en aanry wanneer daar weer van sy waens of sy vragmotor dorp toe kom vir voorrade nie?''

,,Nou maar goed, waarom skakel jy hom nie? Ek wil nou eers gaan kyk waar Jannie is.''

Hy stap uit en oor die agterplaas na die agterste straat. Hier is dit donker, want daar is net ligte in die hoofstraat.

,,Jannie!'' roep hy hard.

Niemand antwoord nie. Hy stap in die rigting van sy eie huis terug, en 'n paar keer roep hy weer.

Oorkant die straat steek die bejaarde Klaas Jansen sy kop by die deur uit. Klaas is die posmeester, die stasiemeester en meester op verskeie ander gebiede in die dorp. Die Spoorwegvragmotor kom maar een keer per week Wesselsdal toe, en Klaas is nie eintlik 'n man wat te hard hoef te werk nie. Sy geliefkoosde sitplek is dan ook die hotelstoep, en daarom raai die meeste van die vrouens hul mans aan om maar skraps te wees met hul geselskap met Klaas. Die mans verskil natuurlik van opinie.

,,Soek jy na Jannie, Johan?'' verneem hy nou.

,,Wel, ek weet nog nie of ek soek nie, maar hy is nie by die huis nie.''

Klaas sluit by hom aan. Hulle stap by Johan se agterplaas in en verneem of Jannie al daar is. Mavis skud haar kop en dadelik is sy onrustig.

,,Nou waar kan hy tog nou weer rondstap? Kyk gou rond, Johan. Ek sal hier vóór rond soek.''

'n Halfuur later is die meeste van die inwoners van Wesselsdal op Jannie Botha se spoor. Hulle het die hele dorp reeds twee keer deurgesoek. Mavis Botha staan eenkant by die hoek van die hotel wat in die middel van die dorp is, en waar 'n straatlamp voor die stoep brand. Altesaam is daar maar ses ligte in die straat. 'n Paar van die ander vroue probeer haar troos, maar 'n gevoel van onheil het haar reeds oorweldig.





,,Ons sal dan maar flitsligte en lanterns moet gebruik,'' raai Frans Louw, die hoteleienaar, bestuurder en kroegman, die groep mans aan. ,,Helfte van ons soek duskant af, en die ander helfte met die pad langs.''

'n Halfuur later is hulle terug. Geen spoor van Jannie Botha is gevind nie.

Mavis Botha is histeries. 'n Paar van die vroue neem haar huis toe. Almal het 'n gerusstellende woordjie vir haar, maar selfs onderwyl hulle dit uitspreek, voel hulle die onwaarskynlikheid van die moontlike skuilplekke waar Jannie dalk kan wegkruip of dingetjies wat hy dalk besig kan wees om te doen. Die kinders van die dorp, veral die heel jonges, beskou die hele transaksie amper in die lig van 'n skoolvakansie—vanaand hoef hulle nie vroeg te gaan slaap nie—maar meer as een moeder begin haar eie kinders huis toe te jaag.

Tot dusver was die soektog heeltemal ongeorganiseerd en die deelnemers het maar bestaan uit diegene wat agtergekom het dat iets aan die gang is, en vrywillig by die groep aangesluit. Nou eers is daar 'n paar wat na sersant Bester begin verneem. Sy vrou deel hulle mee dat hy, die blanke konstabel en die twee swart konstabels daardie dag die berg in is om na gestelde vee te soek—iets wat die oggend nog van opspraakwekkende belang in Wesselsdal was.

Die vroue help mev. Louw om koffie in die hotel-kombuis te maak. Op daardie oomblik kom die polisie-jeep die stowwerige straat opgery, en dit hou stil toe die sersant die klomp op die hotelstoep saamgedrom sien. Dit val hom dadelik op dat daar 'n gebrek aan drankies by die mans is en hy neem dus aan dat dit nie 'n gewone byeenkoms is nie.

,,Maar waar het julle oral gesoek!'' roep hy uit nadat hulle hom meegedeel het wat plaasgevind het.

,,Weerskante van die vleie,'' antwoord Johan en sy bleek gesig is vertrek van angs en kommer.

,,En waar is hy laas gesien?'' verneem sersant Bester weer.

,,In die kombuis. Hy het in die agterplaas uitgestap en skoon verdwyn.''

Hulle volg die sersant en sy personeel na Johan se huis, 'n entjie laer af in die straat. Die stasiebevelvoerder versoek hulle om in die straat te bly, anders trap hulle dalk alle spore dood.

'n Kwartier later kom hy met bedrukte gelaat na hulle toe. Jannie het die hele dag in die agterplaas rondgespeel. Daar is talle spore, maar nie 'n enkele een wat agterdog wek nie.

,,Ons moet maar weer soek,'' doen hy aan die hand. ,,Ons begin hier by

Johan se huis en daarna buite die dorp in al wyer en wyer kringe."

Die volgende oggend vang die eerste sonstrale 'n bedrukte, moeë klomp Wesseldallers in die hoofstraat bymekaar. Baie van die boere het gedurende die nag by hulle aangesluit. Jannie Botha het spoorloos verdwyn.

Van Burgersfort het motors en vragmotors met elke beskikbare man oor die heuwels na Wesselsdal gekom. Op beide dorpe het die skool vir die dag gesluit. Laat daardie nag was daar nie 'n hoekie van die kom waar daar nie na Jannie gesoek is nie. Teen sononder vertrek die konvooi van helpers weer na Burgersfort.

Sommige van die mans vergader by die hotel. Ten spyte van hul uitgeputheid is die gesprek lewendig en opgewonde. Die vroue sit by hul huise en af en toe kyk hulle na die oop deure van die kamers waar hul kinders slaap. As Jannie Botha op so 'n geheimsinnige manier kon verdwyn, kan dit met hul eie kroos ook gebeur.

In die polisiestasie skryf sersant Bester 'n verslag uit. Vir hom is dit roetinewerk om die rapporte aan sy hoofkantoor te stuur, maar ook hy loer kort-kort oor die toonbank en by die deur uit tot in die donker skaduwees oorkant die straat.

Mavis Botha se gelaat is verwronge. Nou en dan sit Johan sy arm om haar skouer en druk dit gerusstellend. Miskien sal hulle Jannie nog vind. Dit is tog nie moontlik dat hy eenvoudig net kan wegraak en geen spoor nalaat nie.

Van pure moegheid sluimer sy uiteindelik in. Langs haar lê Johan nog lank wakker totdat sy ooglede ook swaar oor sy bloedbelope oë toesak.

Hoe lank hy geslaap het en hoe laat dit reeds in die nag is, weet hy nie. Sy eerste indruk is dat dit ná twaalf moet wees want om krag te bespaar word die straatligte om middernag afgeskakel. Gewoonlik skyn 'n dowwe gloed by hul slaapkamer in. Nou is dit stikdonker.

Eers weet hy nie wat dit is wat hom laat wakkerskrik het nie. Hy is nog nie uitgeslaap nie. Iets—dit moes seker 'n aaklige droom gewees het—het hom uit sy slaap gewek en sy verstand helder wakker geskud.

Hy lê en luister vir 'n herhaling van die geluid—indien dit so iets is wat hom gesteur het. Inbrekers is onbekend op Wesselsdal.

Maar dit kan iets in verband met Jannie wees. Miskien Jannie self. Hy kan in die agterplaas wees en by die kombuisdeur probeer inkom.

Met 'n vlam van hoop sit hy orent. Hy sal uitgaan en rondom die huis soek.





En toe word hy bewus van 'n nuwe gewaarwording. Daar is 'n drukking in sy ore. Die hele kamer word gevul van 'n sagte gesis—amper soos motreën op 'n strooidak. 'n Eienaardige rilling ruk sy liggaam. Hy probeer die gevoel wat hom beetpak, bestry, maar in plaas daarvan groei dit aan. Hy word daarvan oortuig dat daar 'n teenwoordigheid in die kamer is—iemand anders, of iets anders—wat by hulle in die vertrek is. Hy probeer vasstel waarvandaan die geluid kom, maar dit is om hom en aan alle kante.

Mavis rol onrustig om. Sy kreun. Sy kom agter dat Johan orent sit. „Johan?" vra sy half deur die slaap. „Wat doen jy?"

„Luister, Mavis," sê hy. „Luister na die. . ."

Hy hou op met praat. Koue sweet pers op sy voorkop uit.

„Pappie!" Dit was net die enkele woord. Dit was Jannie se stem. Jannie wat na sy pappie roep, en net soos die geluid waarna hulle reeds geluister het, het die stem uit die vloer gekom, uit die mure, uit die plafon—dit was hier by hulle op die bed, dit was in die lug, dit was buite hulle en buite die vertrek.

„Jannie!" gil Mavis. „Jannie! Waar is jy?"

„Pappie." Weer net die enkele sagte uitroep. Jannie se stem is kalm. Dit klink amper asof hy gelukkig is en dat hy nou met sy pa wil praat—soos wanneer hy party aande in die deur kom staan en sy pa wakker maak wanneer hy dors is en water wil hê om te drink.

„Jannie!" Johan gooi die komberse van hom af, swaai sy bene uit die bed en op die vloer. Dan staan hy huiwerig stil. Hy wil na die deur toe hardloop, maar dit het ook geklink asof Jannie hom van die venster af roep.

Hy strompel tot teen die muur en skakel die lig aan. Die kamer is leeg. Die deur is oop, maar daar is niemand buite in die gang nie. Hy wil daarin uithardloop om te begin soek, maar dan steek hy weer vas.

„Pappie en Mammie moet weggaan," sê Jannie bedaard. „Weg uit Wesselsdal. Oom Jakob sê Pappie-hulle moet nie daar bly nie."

„Jannie!" Mavis is doodsbleek. Haar hande is voor haar mond geklem. Haar oë kyk wild in die vertrek rond want hul seuntjie se stem kom van nêrens en tog oral vandaan.

„Jannie! Waar is jy? Waarvandaan praat jy?" roep Johan vreesbevange uit.

„Oom Jakob Wessels sê Pappie-hulle moet weggaan as Pappie en Mammie my weer wil sien."

„Jannie waar is jy?" Johan storm na die venster toe. Die raam is opgeskuif en die hortjies oop. Hy leun na buite. Die lig wat daaruit val, gooi

'n skerp streep met 'n wye dowwe gloed rondom op die blomtuin. Daar is niks. Net hier en daar roer 'n blaar van 'n struik of 'n lang grashalm in die sagte nagwind.

Hy spring terug. Hy nael in die gang af. Hy skakel die ligte aan en soos 'n besetene gooi hy die deure in elke vertrek oop. Die huis is leeg.

Terug in die slaapkamer tref hy Mavis voor die bed aan. Asof sy nie kon staan nie het sy op haar knieë neergesak. Haar kop rus op die wit laken. Haar hele liggaam skud asof sy huil—maar meer asof sy stuiptrekkings het.

,,Dit was Jannie—dit was Jannie!" hyg sy uit en onderwyl haar stem na 'n hoogtepunt hyg, gil sy die laaste woorde: ,,Hy is dood!"

,,Mavis, Mavis!" Johan hardloop tot by haar. Hy kniel langs haar neer en gooi sy arms om haar skouers. ,,Mavis, daar kan miskien 'n verklaring wees. Sulke dinge . . . gebeur soms. . . soos 'n skynbeeld in die woestyn." Hy praat deurmekaar. Hy weet skaars wat hy sê, maar op die oomblik is dit vir hom noodsaaklik om Mavis te kalmeer. Dit is asof hy sterkte gevind het. Die verdriet behoort aan hulle albei. Hy kan dit aanvoel, net soos sy, en omdat die vrees en vertwyfeling so groot is in sy gemoed weet hy ook hoe groot dit in hare moet wees. ,,Hy kan iewers wees en so uitgeroep het, Mavis," hou hy paaiend vol. ,,Die klank kon op die aandwind aangedra gewees het." Asof hy besef dat dit taamlik onsinnig is, vervolg hy vinnig: ,,Daar is so iets soos telepatie!"

Sy snik. Sy skud haar kop heftig. Haar vingers klou in haar hare.

,,Hy het gepraat van—van Jakob Wessels. Hy het gesê dat ons moet weggaan. Waarom, Johan, waarom sal hy sulke dinge sê? Wie is Jakob...?"

'n Ysige rilling gaan deur Johan Botha se ruggraat. Dit voel asof die hare in sy nek regop staan soos dié van 'n hond wat gevaar ruik.

Jakob Wessels was die man wat Wesselsdal gestig het. Dit is sy plaas wat Andries Gerike uiteindelik gekoop het. Jakob Wessels is jare gelede reeds dood.

Hierdie besef moes ook deur Mavis se verstand geskiet het. Met 'n lang uitgerekte gil sak sy in 'n beswyming neer.

Johan hoor voetstappe buite tussen die vrugtebome. 'n Oomblik later verskyn Nico Verwey in die lig wat by die venster uitskyn.

,,Wat het gebeur, Johan?" roep hy angstig uit.

Johan skud sy kop. Hy staan verslae. Stadig draai hy sy oë van Mavis weg en kyk Nico verdwaas aan. ,,Dit was Jannie," sê hy dan hees. ,,Jannie se stem was hier in die kamer. Hy het gesê ons moet weggaan, anders sien





ons hom nooit weer nie."

,,Jannie!" werp Nico verstom teë. ,,Maar waar is hy dan nou?"

,,Dit was net sy stem." Johan praat soos een wat in 'n droom verkeer. ,,Hy het gesê dat Jakob Wessels gesê het dat ons hier moet wegtrek."

'n Snaakse uitdrukking verskyn op Nico Verwey se gesig. Hy is die onderwyser op die dorp en hy is veronderstel om kennis en opvoeding aan die jong geslag van Wesselsdallers oor te dra. Sulke stories klink onsinnig.

,,Luister, Johan," sê hy haastig, onderwyl hy effens van die venster af terugtree. ,,Dit lyk my asof Mavis flou is. Ek sal gou gaan kyk of Hermanus al terug is." Hermanus Roux is die dokter.

Sonder meer hardloop Nico voor om die huis en in die straat af. Toe hy skaars tien minute later terugkeer met die geneesheer aan sy sy, staan Johan Botha nog op dieselfde plek. Hermanus buk oor Mavis en Nico help hom om haar op te tel.

'n Paar van die ander Wesselsdallers het agtergekom dat iets aan die gang is. In kamerjasse en met pantoffels aan het hulle in die Bothas se sitkamer vergader. Nico vertel hulle wat Johan aan hom meegedeel het.

,,Dit kan telepatie wees!" roep Frans Louw uit. ,,Dit beteken dat Jannie nog lewe."

,,Maar watter onsin het hy dan gepraat," werp sersant Bester teë. ,,Jakob Wessels is dood. Waarom sal hy Johan dreig om Wesselsdal te verlaat?"

,,Dit is hy wat op Wesselsdal kom woon het," las Bettie, Klaas Jansen se vrou, meteens in. Haar effens gryserige hare is deurmekaar want sy het dit nie eens reggestoot toe sy uit die bed gespring het nie. ,,Miskien is dit omdat hy hierdie vallei as syne beskou. Ons is indringers. Dit is sy stem wat deur Jannie gepraat het. Hy wil hê dat ons almal Wesselsdal moet verlaat."

'n Oomblik is daar stilte in die vertrek. Haar bleek gelaat het meteens 'n profetiese uitdrukking. 'n Paar van die mans kyk vlugtig om hulle heen. Dan lag sersant Bester doelbewus en hard—hoewel effens heserig.

,,Bog, Bettie!" roep hy haar toe. ,,Dit is sommer weer ouvroustories."

,,Klaas," sê Bettie Jansen asof sy die sersant nie gehoor het nie. ,,Ek het jou al lankal gesê dat ons van hierdie plek af moet weggaan."

Voordat enigeen sy verontwaardiging verder kan uitspreek, kom Hermanus Roux die vertrek binne. Hy lyk ingedagte, maar sy blik helder op toe hy hulle sien.